[i]retire Funds

## ACRAVEST TOEP

Die toep is onlangs **opgegradeer**

U kan u **begroting** op die toep doen

U kan sien hoe u **spaarplan** u **aftree-inkomste** beïnvloed

## VERSTEK-OPSIES (REGULASIE 37, 38 EN 39)

Die reguleerder het drie nuwe verstek-opsies deur middel van regulasies in die pensioenfonds-wet aangebring. Hierdie regulasies is aangebring om lede by te staan. Die regulasies is gemik op verstek beleggings-portefeuljes, verstek bewarings- en -oordraagbaarheidsopsies en verstek-annuïteitsstrategieë.

## KLAGTE & GEDAGTE E-POS ADRES

Indien u ontevrede is met Acravest se diens of enige terugvoer kan gee wat ons in staat sal stel om 'n beter diens te lewer, stuur gerus 'n epos na: complaints@iretire.co.za.

## BELEGGINGS- EN EKONOMIESE TERUGVOER

Markte vaar redelik


Die langtermyn verwagting is steeds dieselfde

# NUUSBRIEF 12

**Junie 2019**

[i]retire Funds

## 'N NUWE UITKYK OP DIE PENSIOENFONDS



Die ekonomiese taal waarmee ons elke dag te doen kry is baie negatief en ontmoedigend. Verwagtinge is laag en die algemene gevoel is een van pessimisme en swartgalligheid. Dit het al so aanvaarbaar geword dat ons goeie dinge wat gebeur nie eers meer erken of raaksien nie.

Ons kla oor die bedreiginge wat gehoor word oor die pensioenfondse wat van owerheidskant met gretige oë beloer word. Ons kla oor die groei van die fondse wat nie is soos ons dit wil sien groei nie. Ons voel selfs verbitterd omdat ons salarisse nie is soos dink dit moet wees nie. Daar is immers ander mense wat baie meer verdien as ons en hulle hoef nie die rieme so fyn te sny soos ons verplig word om dit te doen nie.

Hierdie opmerkings is net voorbeelde om eintlik saam te vat dat ons verontreg voel oor baie dinge en sekerlik is baie van die bekommernisse harde waarhede. Wat ons nie altyd besef nie is dat dit maklik kan meebring dat ons so vergiftig raak dat ons die positiewe wat gebeur nie raaksien nie. Daar is werklik positiewe dinge wat gebeur wat so betroubaar is dat dit ons oor ons wanhoop en klagtes tot beskaming bring.

Hoe is dit moontlik dat gelowige mense vergeet dat God in beheer is van alles wat met hulle gebeur? In 'n gesprek met 'n man wat alles verloor en nou worstel om aan die gang te bly het ek 'n blymoedigheid ontdek wat my laat skaam kry het. Met 'n geloof in God gaan hy elke dag voort want hy weet God het hom versorg toe dit goed gegaan het en Hy doen dit ook nou dat die las baie swaar is.

Die gesprek was net die oproep om te besef dat ons pensioenfonds deur God beheer word en Hy sal ons met of sonder die fonds steeds versorg. Die afgelope tyd se groei is deur Hom voorsien en verliese wat al groter geword het die afgelope jaar het Hy uitgewis. Ons moet na ons eie finansies baie meer kyk met 'n geloofsbril as om alles te verklaar aan die hand van ekonomiese wetmatighede. Ja, daar is mense met meer geld, daar is andere wat hulself onregmatig verryk en baie wat nie bekommerd is oor oorlewing vorentoe nie. Ons het dalk meer kommer as hulle maar ons hoef nie te bekommer oor ons ewige vrede by God nie. Ons het ook die troos dat ons nie op aarde alles het wat ons voor wens nie, maar ons leef uit die hand van ons Hemelse Vader wat weet wat ons daaglikse behoeftes is.

Kom ons maak die pensioenfonds deel van ons gebede. Laat ons God dank dat ons aan 'n fonds behoort en 'n inkomste het waaruit die fonds kan groei. Laat ons voorbidding doen vir die mense wat in beheer is vir die bestuur van die fonds en vir die besluite oor beleggings wat gemaak moet word. Kom ons dra die fonds aan die Here op en leef met dankbaarheid en gerustheid in die wete dat God in beheer is van ons fondse.

**Izak Brink**

## ACRAVEST TOEP




Die Acravest Toep (beskikbaar op iOS & Android) is opgegradeer en u kan nou u begroting op die toep behartig asook sien hoe u spaarplan vir u aftrede u aftree-inkomste beïnvloed.

U kan steeds u begunstigdes op die toep opdateer, en u beleggingswaardes en risiko-voordele sien, indien van toepassing.

U kan die handleiding vir die nuwe begroting hier aflaai: www.iretire.co.za/appmanual

# VERSTEK-OPSIES (REGULASIE 37, 38 EN 39)

Die Reguleerder het onlangs regulasies uitgevaardig, wat ten doel het om lede op verskillende vlakke te beskerm. Die regulasies verplig fondse nou om sogenaamde verstek-opsies aan lede te bied, wat aan sekere vereistes moet voldoen.



Die volgende verstek-opsies is nou verpligtend in elke werkgewer gekoppelde aftreefonds.

**Regulasie 37: Verstek-beleggingsopsie**

Die beleggingstrategie (risiko en verwagte opbrengs) moet doelgerig ontwerp wees vir die lede wat daarin gaan belê. Kostes vir die bestuur van die portefeulje moet kompeterend en deursigtig wees, die strategie moet beide aktiewe- en passiewe beleggingsbestuursbenaderings oorweeg en geen lojaliteitsbonusse of komplekse koste strukture mag ingesluit word nie.

**Regulasie 38: Verstek bewarings- en oordraagbaarheidsopsie**

Die reëls van ‘n fonds moet voorsiening maak dat lede wat die fonds voor aftrede verlaat, outomaties as volopbetaalde lede binne die fonds geklassifiseer word en binne twee maande van ‘n opbetaalde voordele sertifikaat voorsien word.

Lede bly dus in terme van hierdie regulasie binne die fonds, tensy en totdat die lid die fonds instruksie gee om sy/haar voordele te betaal of oor te dra na ‘n ander fonds. Administrasie- en beleggingsbestuursfooie mag nie wesenlik verskil van die kostes wat gegeld het terwyl die lid aktief bygedra het nie en geen aanvangs/oordrag fooie mag gehef word nie.

Lede moet blootgestel word aan kostelose raadgewing voordat gelde uitbetaal of oorgedra word.

**Regulasie 39: Verstek-annuïteitstrategieë**

‘n Fonds moet ‘n annuïteitstrategie in werking stel wat toepaslik is vir die lede wat daaraan blootgestel gaan word. Die beleggingsmandaat (Strategie), opbrengs en kostes moet aan die lede gekommunikeer word. Kostes moet kompeterend wees en lede wat aan die produk gaan deelneem, moet kostelose toegang tot raadgewing hê.

Acravest verwelkom hierdie veranderinge en glo dat dit ‘n belangrike rol sal speel in lede se vermoë om af te tree met voldoende maandelikse pensioen.

# ’N PAAR GEDAGTES OOR BELEGGINGS EN DIE EKONOMIE

## Beleggings-terugvoer



Die markte, tot einde April, het redelik presteer, vergeleke met die afgelope 3 tot 4 jaar. Die markte se groei was nie so hoog as wat verwag is vir lang-termyn beleggings (VPI + 5%) nie. Indien markte aanhou om op hierdie vlak te presteer sal lede meer geld moet bydra tot hul aftreeplan.

## Ekonomiese terugvoer

Die plaaslike jaar-op-jaar inflasiekoers was teen die einde van April 2019 4.4%. Die repokoers is in Mei onveranderd gelaat op 6.75% en as die lae inflasiekoers en verswakte ekonomie in ag geneem word, word daar nie verwag dat die repokoers in die volgende kwartaal verhoog sal word nie. BBP sal na verwagting laer wees vir 2019 op 1%. Dit kan toegeskryf word aan negatiewe groei in die mynbou- en nywerheid-sektore (Eskom kragonderbrekings het ook hier ’n rol gespeel).

Dieselfde onsekerhede in wêreldmarkte wat in vorige nuusbriewe bespreek is het steeds ’n invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Hierdie onsekerhede sluit in: Brexit en ’n handelsoorlog tussen die VSA en China.

Hieronder is die afgelope 5 jaar se opbrengste van die goot aandele beurse en die JSE:

| Aandele beurs aanwysers soos op 30/04/2019 | 1 Jaar | 3 Jaar | 5 Jaar |
|---|---|---|---|
| **FTSE (VK)** | 7.38% | 2.26% | 2.83% |
| **Nikkei (Japan)** | 11.78% | 9.06% | 14.21% |
| **SSE (China)** | 8.02% | 0.64% | 13.95% |
| **FSE DAX (Duitsland)** | 1.30% | 3.74% | 4.24% |
| **FTSE/JSE All Share (RSA)** | 0.50% | 3.39% | 3.67% |
| **Dow Jones (VSA)** | 26.39% | 14.79% | 16.90% |

**Periodes langer as 1 jaar is jaarlikse opbrengs*

**Opbrengs word in elke land se eie geldeenheid aangedui*

Die rand het teen die meeste van die groot geldeenhede verswak.

**Wisselkoerse:**

| | | Tot 30/04/2019 | | |
|---|---|---|---|---|
| **Suid Afrikaanse Rand** | **Soos op 30/04/2019** | **1 Jaar** | **3 Jaar** | **5 Jaar** |
| US Dollar | 14.33 | 14.8% | 0.68% | 36.12% |
| Euro | 16.05 | 6.5% | -1.53% | 9.91% |
| Britse Pound | 18.67 | 8.8% | -10.22% | 5.04% |
| Singapoer Dollar | 10.53 | 11.7% | -0.60% | 25.51% |
| Japanese Yen | 0.13 | 12.6% | -3.88% | 24.77% |

**Positiewe persentasie waardes dui waardevermindering aan*

## KONTAK ONS

www.acravest.com (012) 941 9927 info@iretire.co.za

**Vind ons op sosiale media:**



ACRAVEST